ELDIE nuus news
ELDORAIGNE
AFTREELANDGOED · RETIREMENT ESTATE
March 2025 (97)

## ANNUAL INSPECTION OF RETAINING WALLS

According to the DRMP (Dolomite Risk Management Programme) paragraph h, and insurance regulations, all retaining walls in the estate will be inspected annually by a civil engineer from Civil Craft to ensure that water does not pool and cause a risk of subsidence. All streets, paving around units and driveways, as well as retaining walls, will be inspected.

Problem areas with recommendations to correct it, will be contained in a report. Once all problem areas have been addressed, a re-inspection will be carried out by the relevant engineer, whereafter a certificate is issued. This certificate will be sent to the insurer for record purposes.

## JAARLIKSE INSPEKSIE VAN KEERMURE

In ooreenstemming met die DRMP (Dolomietbestuursprogram) paragraaf h en versekeringsregulasies, vind ‘n jaarlikse inspeksie plaas van alle keermure in die landgoed. Hierdie inspeksie word gedoen deur ‘n siviele ingenieur van Civil Craft om te verseker dat water nie opdam en ‘n risiko vir insakking veroorsaak nie. Alle strate, plaveisel rondom eenhede en opritte, asook keermure word geïnspekteer.

Probleemareas met aanbevelings om dit reg te stel word in ‘n verslag vervat. Sodra alle probleemareas aangespreek is, word ‘n herinspeksie deur die betrokke ingenieur uitgevoer, waarna ‘n sertifikaat uitgereik word. Hierdie sertifikaat word vir rekord-doeleindes aan die versekeraar gestuur.

(Kantoor)

## WHAT IS THE DRMP?

In March 2018 we experienced an unfortunate incident of a **sinkhole** in the east section of the estate. The insurer was not willing to pay for the damage because of the **dolomite** problem and the estate had to bear the costs, out of your levy contributions.

Several engineers were consulted and the HOA introduced the EMP (Environmental Management Plan) and the DRMP (Dolomite Risk Management Plan) to the board of Directors, who accepted it on the 27th November 2018. The DRMP was then sent to all home owners.

**The following precautions and measures (summarized) were considered and implemented to ensure proper management, monitoring and control:**

a. A pressure regulating valve was installed at the main water supply to ensure water pressure is regulated to avoid extreme pressures that could cause leaks or pipe bursts.
b. A data logger was installed next to the bulk water meter to monitor the water flow on a continuous 24-hour basis to detect possible leaks and consumption.
c. Bulk water meter readings are recorded every night.
d. Maintenance staff are always on the lookout for any ponding of water. Residents are constantly reminded to report ponding of water to reception, as well as any irregularities on paved areas and/or streets.
e. Sewer and storm water pipes are inspected by means of a pipe video camera. No object or household waste may be disposed of into the sewer or storm water system.
**f. Inspections of "private" gardens are being done to ensure that shrubs/ plants are planted at least 40mm from the walls, with concrete blocks or pebbles with plastic underneath against the walls in such a way that water can flow away from these walls**

.

**g. No installation of underground irrigation systems is allowed.**

**h. Appointment of Consulting engineer to monitor and inspect all paved areas, retaining walls, roads and landscaped areas to ensure any risks are reported for immediate action.**

## ELDIE NUUS

1.In die opgedateerde Leefstylgids (Des 2024) bladsy 21 onder die opskrif: **Kommunikasie** , staan daar: Kommunikasie met die inwoners en eienaars sal op die volgende wyse geskied: onder andere.... reël 4: die aftreelandgoed nuusbrief.

2. Die HEV is verantwoordelik vir die publikasie en verspreiding van die maandelikse nuusbrief wat aan alle inwoners en eienaars beskikbaar gestel word.

3.Alle inwoners met 'n e-pos adres, soos op Csi se rekords, ontvang 'n elektroniese weergawe. Indien die e-pos adres aan u kinders behoort, is dit hulle verantwoordelikheid om die nuusbrief aan u beskikbaar te stel. Indien 'n inwoner nie internet, 'n rekenaar of 'n slimfoon, of 'n familielid met 'n epos adres het nie, kan 'n gedrukte weergawe aan sodanige inwoner, op aanvraag, beskikbaar gestel word. Die nuusbrief word maandeliks op die landgoed se webwerf gelaai. (www.eldoretire.co.za). Alle vorige uitgawes is ook daar beskikbaar.

4.Algemeen

-Bydraes kan gestuur word na ontvangs vir insluiting.Die lengte van artikels is egter beperk tot 400 woorde. Die redaksie van die Eldie Nuus sal dit dan vir publikasie oorweeg.

-Die eerste uitgawe is reeds vanaf Oktober 2016 beskikbaar, met Ina Niemann as redakteur. Daar het nou reeds 97 uitgawes verskyn.

-Die nuusbrief is vir heelwat inwoners die enigste kontak met die landgoedlewe buite hulle eenhede.

-Blokleiers kan foto's van die sosiale geleenthede in hulle blokke verskaf, en voorsitters van klubs en aktiwiteite word ook uitgenooi om hulle bedrywighede aan ander inwoners bekend te stel.

5.Advertensie tariewe vir inwoners:

5.1 Gratis: Wanneer 'n **inwoner self** iets produseer as 'n **stokperdjie**, bv hout speelgoed, heuning, lampe, plante ens of 'n **hersteldiens** lewer aan inwoners vanaf sy huis,bv yskaste herstel, tv's installeer, kan 'n ¼ blad advertensie geplaas word (maksimum 100 woorde)

5.2 Wanneer 'n inwoner sy **eie besigheid** wil adverteer, soos eiendomme verkoop, of sonpanele installeer geld die tariewe vir nie-inwoners.

5.3 Wanneer 'n inwoner 'n advertensie wil plaas vir **familie of vriende** wat nie op die terrein bly nie, geld tariewe vir nie-inwoners.
Hierdie tariewe is beskikbaar by ontvangs.

# SLAAPAPNEE 1

Is jy konstant duiselig, voel moeg en nooit uitgerus nie, selfs ná ‘n volle nag se rus, skielik oggendhoofpyne kry en met vogretensie sukkel en neem jou gewig aanhoudend toe?  Jy ly dalk aan slaapapnee wat die suurstof verminder wat by jou longe moet uitkom en vernou die bloedvate. Dit lei tot oormatige vog in die liggaam en kan oor ‘n lang tydperk jou dood beteken. Slaapapnee beteken dat mens vir kort rukkies ophou asemhaal terwyl jy slaap.

Dit beteken “geen asemhaling” en gebeur meestal wanneer die spiere agter die tong só ontspan en verslap wanneer jy aan die slaap raak, dat dit platval en en ‘n obstruksie veroorsaak wat keer dat lug by die longe in-en uitbeweeg. Dit word **obstruktiewe** slaapapnee genoem. Dit ontwikkel weens versperrings in die boonste lugweg. By kinders en jongmense kan dit oorgroot mangels wees , en by ouer mense kan die verlies aan spiertonus die oorsaak wees. Oorgewig mense het ‘n groter kans om daaraan te ly, weens te veel vet in die nek.

**Sentrale** slaapapnee is wanneer ‘n neurologiese meganisme veroorsaak dat die asemhalingspiere nie saamtrek nie, en jy dan ophou asemhaal. Neurologiese toestande of siektes wat die asemhaling-sentrum of die senuwees na die asemhalingspiere aantas. Mans is 4x meer geneig om dit te kry as vroue, en dit kom meer voor by mense ouer as 40. Dit kom meer algemeen voor by mense met diabetes en hartsiektes, asook diegene wat ‘n beroerte oorleef het. Mense wat chroniese medikasie gebruik wat die sentrale senuweestelsel onderdruk Soos medikasie vir angs of pyn en spierverslappers.

Simptome: ‘n Erge gesnork is dikwels die eerste aanduiding, ook lomerigheid en moegheid deur die dag.
Slaapapnee kan ook lei tot hoë bloeddruk, hoë bloedsuiker- en insulienvlakke, verhoogde vlakke van inflammasie, spier-of gewrigspyn, depressie, ‘n lae libido wat gepaardgaan met lae testosteroonvlakke, konstante gewigstoename en kwaai sooibrand. Dit kan ook konsentrasieprobleme, swak geheue en hiperaktiwiteit veroorsaak.

(Vervolg in April nuusbrief)

## HEV verwelkom Chantelle



Chantelle Roberts-York, gebore Steyn, in Middelburg, maak matriek in Krugersdorp, HS Noordheuwel. Deur die jare het sy o.a. Besigheidsbestuur en Binnenshuisversiering studeer en selfs haar eie bloemistewinkel besit. In 2013 trou sy met Edrick, ‘n promosiebestuurder en hulle het ‘n seuntjie Dean, 11jr oud en in Laerskool Swartkop en ‘n baba dogtertjie, Bailey, gebore 20 Mei 2023. Sy hou van lees en skilder en sy en haar man ondersteun die Sharks.
Edrick het intussen nuwe weivelde in Amerika ontdek en werk tydelik daar.

Chantelle het in 2022 haar N5 in Finansiële Bestuur behaal, sal binnekort daarmee voortgaan en dan ook klaarmaak.

Sy het 8 jaar gelede by Csi aangesluit as administratiewe assistent by Eldoraigne Aftree Landgoed en is op 1 Julie 2022 bevorder tot Assistent Bestuurder en aangestel as Algemene Bestuurder vanaf 1 Februarie 2025.

Sy het uitstekende bevoegdheid, professionalisme en toewyding in haar vorige rol as assistent bestuurder getoon en was ‘n natuurlike keuse vir hierdie bestuursposisie.  Ons wens haar geluk met hierdie prestasie en het vertroue in haar toewyding en leierskap om die landgoed se belange uitstekend te bestuur.

## PROUD OF MY WORK 2:

Connie Malapile was born on 3rd June 1978 in Almasdrift, a rural area in Mpumalanga, with both her father and mother still alive.
She went to Bimgweni High School until 1998 and start working in Polokwane with her uncle, who taught her the trade of planting and caring for vegetables and in 2000 she started as gate security at a clinic in Mpumalanga.
Her career in gardenwork and her love for plants started in 2002 in Equestria, and in 2020 she was spotted by the director of DSG Garden Group for her exceptional good work and was promoted to supervisor of the garden team at Eldoraigne Retirement Estate. She was in that position until the end of the contract with DSG Garden group in 2021, but started immediately with a new contract as supervisor of the cleaning team, with DSMG. For her outstanding work as supervisor, Connie received a Certificate of Appreciation from the DSMG group on 18 December 2024 at a function at the house of the Managing Director of DSMG.
Connie has a daughter who is a teacher at Siyabuswe Primary school in Mpumalanga, and a son, Prince who is 10 years old.









# POLANIE EN VRIENDE VERWELKOM 2025 MET 'N VROLIKE ETE.










To everyone
I offended
this year,
Work on yourself
So I don't have
to do it again
NEXT YEAR.

## IN GESPREK 43: MET RIA HALGRYN: Vrou van vele talente..!

Gebore op 26 Augustus te Koedoespoort van Pa Samuel en Ma Martha; eers by Laerskool Boerefort en dan matriek by Hoërskool Wonderboom. Sy neem op skool deel aan netbal, korfbal en sang, en verwerf ook Noord Transvaal kleure in netbal en korfbal.

Haar naskoolse opleiding sluit in verskeie rekenaar kursusse oa. A+ (in rekenaar sagte- en hardeware), MS Word, MS Excel, MS Powerpoint, HEAT, Transport 1,2,3 &4 (2007) en Kerridge. Sy doen ‘n Eerstehulp kursus en NQF4 (Marketing/CPA/Code of Conduct/FICA/FAIS) en is ook ‘n Alzheimer & Dementia-Train the Trainer.

Haar kwalifikasie in bemarking stuur haar van administrasie na buiteveld- verkoopsverteenwoordiger waar sy verskeie produkte bemark. Sy fokus haar daarna op die plasing van personeel in skoonmaak, kombuis, verpleging en versorging in hospitale en oorde.

Sy het haar loopbaan in die aftreebedryf begin met ‘n uitstekende akademiese agtergrond wat haar in staat gestel het om ‘n omvattende perspektief te ontwikkel tov die bestuur en dienslewering in aftree-oorde. Jare se ondervinding in die administrasie van aftreeoorde en ander senior versorgingsdienste, het haar benadering gesentreer rondom die behoeftes en welstand van senior individue, veral dié met Alzheimer en Demensie. Sy het begrip vir die uitdagings wat mense in die aftree-lewe ervaar, asook die belangrikheid van ‘n ondersteunende en veilige omgewing. Haar kundigheid strek oor die volledige spektrum van die aftreebedryf, insluitend ouderdomsorg, finansiële beplanning en die fasilitering van geselskap- en tuisversorging wat die kwaliteit van die aftreelewe verbeter.

Sy het by verskillende instansies soos Iocore, Barloworld, Services Seta en Alzheimer SA gewerk. In Oktober 2023 begin sy by Kingdom Caterers in die Landgoed werk en op 1 Februarie 2025 as administratiewe assistent . Omdat Ria ‘n vrolike geaardheid het en sy lief is vir dans, was sy betrokke by verskeie suksesvolle funksies sedert 2023.
Sy is getroud met Riaan, het 2 dogters en 1 kleinkind en woon tans in Valhalla.

## NUWE INTREKKERS JAN

U word hartlik verwelkom deur die HEV hier by ons pragtige Landgoed. Alle riglyne en prosedures is vervat in die opgedateerde Leefstylgids. (Des 2024) Doen ook navraag by die kantoor oor enige onduidelikhede

127 Pieter en Daleen Veldman
1132 Brian Sheriff en Esme Gericke
1326 Jannie de Beer

## STERFTES

Die HEV maak met leedwese die sterfte bekend van:

9 Elize vd Berg 19 Jan
1009 Charlotte Taylor 30 Jan

Inwoners, wees dankbaar vir geleende tyd saam met u kinders en kleinkinders en ander familie.

Dink met dankbaarheid aan die herinneringe wat saam bymekaar gemaak is.




## Afrikaans 100 deel 2

Die ontstaan en ontwikkeling van Afrikaans dateer terug na 1595 en daar word dikwels daarna verwys as die eerste periode in die geskiedenis van Afrikaans. Dit is opmerklik dat die oudste bekende voorbeeld van geskrewe Afrikaans ‘n gedig is, nl: “Lied ter ere van de Swellendamsche en Diverse andere Helden bij de bloedige Actie aan Muizenberg in dato 7 Aug 1795”. Die tweede stuk van belang is Kaatje Kekkelbek, geskryf deur Rex en Andrew Bain in 1838.
Die eerste boek in Afrikaans verskyn in 1861: Louis Meurant se: “Zamenspraak tusschen Klaas Waarzegger en Jan Twyfelaar”. ‘n Digter wat reeds voor 1875 begin publiseer is F.W.Reitz: Klaas Gezwint en syn paert (1870)

Die kultuurtaal van Afrikaners voor 1875 was egter nog Nederlands, maar die GRA (Genootskap van Regte Afrikaners) het in 1875 besluit dat een van die ander omgewingsvariëteite wat daar aan die Kaap gepraat is, uitgebou moes word tot ‘n kultuurtaal vir die Afrikaners, wat kenmerke moes hệ van Kaapse Afrikaans sowel as Oosgrensafrikaans. Hierdie “regte” variëteit was **Boere-Afrikaans.**

Die **stigting van die GRA** op 8 Mei 1875 het aan die Paarl plaasgevind onder leiding van ds SJ du Toit en word beskou as die begin van die Eerste Afrikaanse Taalbeweging (1870-1900) wat doodgeloop het met die Anglo-Boereoorlog.
Die doelstelling van die GRA het egter ingedruis teen die algemene opvatting van die publiek oor taal in daardie tyd en dus moes lede van die GRA in die geheim vergader omdat hulle idee oor “Afrikaans as skryftaal” te radikaal was. Die teenstand vanaf Engelse en Hollandse koerante was groot.

Besluite en doelstellings van die GRA:
Die doel is: OM TE STAAN VIR ONS NASIE, ONS TAAL EN ONS LAND.
Plan van aksie:
1.Daar sal ‘n volkslied versprei word.
2.‘n Kommissie sal benoem word om ivm Bybelvertaling te onderhandel.
3.’n Spraakkuns- en Woordeboek sal opgestel word.
4.’n Maandblad, Die Afrikaanse Patriot, sou uitgegee word.

(Vervolg in verdere nuusbriewe)

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

# RENTALS & SALES

Eldoraigne Retirement Estate

## Properties FOR SALE

Ruan Erasmus
071 481 6199

- 2 Bed, 1 Bath **Simplex** with x1 garage- **R1 890 000**
- 3 Bed, 2 Bath **Simplex** with x2 garage - **R2 490 000**
- 1 Bed, 1 Bath **Apartment** with x1 carport - **R950 000**
- 2 Bed, 1 Bath **Apartment** with x1 carport - **R1250 000**

## Properties FOR RENT

Stella Cloete
072 459 2230

- 1 Bed, 1 Bath **Apartments** from only **R7 900pm**
- 2 Bed, 1 Bath **Apartments** from only **R9 300pm**

011 805 6316    www.csi-euf.co.za